

Een

VIR IEMAND VAN SY OUDERDOM, twee-en-vyftig, geskei, het hy, na sy mening, die saak van seks nogal knap opgelos. Donderdaemiddae ry hy Groenpunt toe. Stiptelik om twee-uur druk hy die knoppie by die ingang van Windsor Mansions, sê sy naam, en gaan in. Wagtend by die deur van nr. 113 is Soraya. Hy loop reguit deur na die slaapkamer, met sy soet geur en gedempte lig, en trek uit. Soraya kom uit die badkamer, laat haar japon val, gly langs hom die bed in. “Het jy my gemis?” vra sy. “Ek mis jou die hele tyd,” antwoord hy. Hy streek haar heuningbruin lyf, sonder ’n spoor van die son; hy spreid haar oop, soen haar borste; hulle maak liefde.

Soraya is lank en skraal, met lang swart hare en donker, helder oë. Tegnies is hy oud genoeg om haar pa te wees; maar dan, tegnies, kan ’n mens op twaalf ’n pa wees. Hy is al langer as ’n jaar op haar boeke; hy vind haar volkome bevredigend. In die woestyn wat elke week is, het Donderdae ’n oase van *luxe et volupté* geword.

In die bed is Soraya nie oordadig nie. Trouens, haar geaardheid is eerder ingehoue, ingehoue en inskiklik. Haar algemene opvattings/menings is verbasend moralisties. Sy voel gekwetst deur die toeriste wat hulle borste (‘uiers’, noem sy hulle) op die openbare strande ontbloom; sy dink die rondlopers moet aangekeer word en aan die werk gesit word om die strate te vee. Hoe sy haar opvatting versoen met haar professie, vra hy nie.

Omdat hy soveel genot uit haar put, omdat sy genot so seker is, het daar by hom ’n toegeneentheid teenoor haar posgevat. In ’n mate, glo hy, is hierdie toegeneentheid wederkerig. Toegeneentheid mag nou nie liefde wees nie, maar dis darem minstens familie. Gegewe

hulle weinig belowende aanvange, was hulle gelukkig, hulle twee: hy om haar te vind, sy om hom te vind.

Sy gevoelens is, daarvan is hy bewus, selfingenome, selfs vrouevererend. Desnieteenstaande hou hy nie op om daaraan getrou te bly nie.

Vir 'n sessie van negentig minute betaal hy haar R400, waarvan die helfte na Discreet Escorts gaan. Dit is jammer dat Discreet Escorts soveel moet kry. Maar hulle besit nr. 113 en ander woonstelle in Windsor Mansions; op 'n manier besit hulle ook vir Soraya, hierdie deel van haar, hierdie funksie.

Hy het al gespeel met die idee om haar te vra om hom in haar eie tyd te sien. Hy sou daarvan hou om 'n aand saam met haar deur te bring, miskien selfs 'n hele nag. Maar nie die oggend daarna nie. Hy ken homself veels te goed om haar te onderwerp aan 'n oggend daarna, wanneer hy koud is, stuurs, ongeduldig om op sy eie te wees.

Dit is sy geaardheid. Sy geaardheid gaan nie verander nie, hy is te oud daarvoor. Sy temperament is gevestig, vasgestel. Die skedel, gevolg deur die temperament: die twee hardste dele van die liggaam.

Volg jou temperament. Dis nie 'n filosofie nie, hy sou dit nie met so 'n naam vereer nie. Dis 'n reël, soos die Reël van die Heilige Benediktus.

Hy verkeer in goeie gesondheid, sy kop is helder. Sy professie is, of was, in die akademie, en vakkundigheid neem, by tussenposes, nog beslag van sy wese. Hy leef binne sy inkomste, binne sy aard, binne sy emosionele vermoëns. Is hy gelukkig? Aan die meeste dinge gemeet, ja, hy glo hy is. Maar hy het egter nie die laaste koor van *Oedipus* vergeet nie: Noem niemand gelukkig nie, totdat hulle dood is.

Op die terrein van seks was sy geaardheid, hoewel intens, nooit passievol nie. As hy vir hom 'n totem moes kies, sou dit die slang wees. Omgang tussen hom en Soraya moet, stel hy hom voor, amper iets soos die kopulasie van slange wees: lank, betrokke, maar amper iets abstraks, amper droog, selfs op sy hittigste.

Is Soraya se totem ook die slang? Sonder twyfel word sy by ander mans 'n ander vrou: *la donna è mobile*. Maar op die vlak van temperament kan haar aangetrokkenheid tot hom sekerlik nie geveins wees nie.

Alhoewel sy beroepsgewyse 'n los vrou is, vertrou hy haar, binne

perke. Tydens hulle sessies praat hy met 'n mate van vrymoedigheid met haar, ontboesem hom selfs by geleentheid. Sy ken die opset van sy lewe. Sy het die stories van sy twee huwelike gehoor, weet van sy dogter en sy dogter se wisselende buie. Sy ken baie van sy opinies.

Van haar lewe buite Windsor Mansions onthul Soraya niks. Soraya is nie haar regte naam nie, daarvan is hy seker. Daar is aanduidings dat sy 'n kind gehad het, of kinders. Dit mag wees dat sy glad nie eers professioneel is nie. Dalk werk sy net vir die agentskap een of twee middae per week, en voer origens 'n voorbeeldige lewe in die voorstede, in Rylands of Athlone. Dit sou ongewoon wees vir 'n Moslem, maar alles is deesdae moontlik.

Oor sy eie werk sê hy min, want hy wil haar nie verveel nie. Hy maak sy bestaan by die Cape Technical University, voorheen Cape Town University College. Vroeër 'n professor in moderne tale, is hy, sedert Klassieke en Moderne tale gesluit is as deel van die groot rasionalisasie, medeprofessor in kommunikasie. Soos alle gerasionaliseerde personeel word hy toegelaat om een spesialiskursus per jaar aan te bied, ongeag die aantal inskrywings, want dit is goed vir die moraal. Vanjaar bied hy 'n kursus aan oor die Romantiese digters. Origens doseer hy Communications 101, "Communication Skills", en Communications 102, "Advanced Communication Skills".

Hoewel hy ure van elke dag aan sy nuwe dissipline wy, vind hy die eerste voorveronderstelling daarvan, soos uitgespel in die Communications 101-handboek, belaglik: "Die menslike samelewing het taal ontwikkel ten einde ons in staat te stel om ons gedagtes, gevoelens en bedoelings aan mekaar oor te dra." Sy eie mening, wat hy nie lug nie, is dat die oorsprong van taal in sang geleë is, en die oorsprong van sang in die behoefte om die te groot en betreklik leë menslike siel vol te laat loop met klank.

In die gang van 'n loopbaan wat 'n kwarteeu terugstrek, het hy drie boeke gepubliseer, waarvan nie een 'n beroering of selfs 'n kabbeling veroorsaak het nie: die eerste oor opera (*Boito and the Faust Legend: the genesis of Mefistofele*), die tweede oor visioen as eros (*The Vision of St Victor*), die derde oor Wordsworth en die geskiedenis (*Wordsworth and the Burden of the Past*).

Die laaste paar jaar speel hy met die idee van 'n werk oor Byron. Aanvanklik het hy gemeen dit sou nog 'n boek wees, nog 'n kritiese klouf. Maar al die uittoggies in die skryf daarvan het vasgeval in saaiheid. Die waarheid is, hy is moeg van kritiek bedryf, moeg van prosa gemeet per meter. Wat hy wil skryf, is musiek: *Byron in Italië*, 'n meditasie oor die liefde tussen die geslagte in die vorm van 'n kameropera.

Deur sy kop, terwyl hy sy Communications-klas só kyk, fladder frases, deuntjies, liedfragmente van die ongeskrewe werk. Hy was nooit 'n watwonderse dosent nie; in hierdie getransformeerde en, na sy mening, ontkrigte inrigting van kennis voel hy hom minder tuis as ooit. Maar dan, so is dit ook vir ander van sy kollegas uit die ou dae, belas met 'n opvoeding wat misplaas is vir die take wat hulle moet verrig; klerke in 'n post-godsdiensige era.

Omdat hy geen respek het vir die materiaal wat hy doseer nie, maak hy geen indruk op sy studente nie. Hulle kyk dwarsdeur hom wanneer hy praat, vergeet sy naam. Hulle ongeërgdheid verbitter hom meer as wat hy sou erken. Nietemin kom hy sy verpligtinge teenoor hulle na die letter na, teenoor hulle ouers, en die staat. Maand ná maand stel hy opdragte op, samel dit in, lees en annoteer, korregeer gebreke in die interpunksie, spelling en gebruikskunde, bevrage teken swak argumente, plaas by elke stuk 'n kort, weloorwoë, kritiese opmerking.

Hy bly doseer omdat dit hom van 'n bestaan voorsien; ook omdat dit hom nederigheid leer, hom laat besef wie hy is in die wêreld. Die ironie gaan nie by hom verby nie: dat die een wat kom om te doseer, die skerpste lesse leer, terwyl hulle wat kom om te leer, niks leer nie. Dit is 'n aspek van sy beroep waaroor hy niks teenoor Soraya rep nie. Hy twyfel of daar in haar beroep iets is wat dié ironie kan ewenaar.

In die kombuis van die woonstel in Groenpunt is daar 'n ketel, plastiese koppies, 'n fles kitskoffie, 'n bakkie met suikersakkies. Die yskas bevat 'n voorraad bottelwater. In die badkamer is daar seep en 'n stapel handdoeke, in die kas skoon beddegoed. Soraya hou haar

grimeerdinge in 'n drasakkie. 'n Plek van toesegging, niks meer nie, funksioneel, skoon, goed georganiseerd.

Die eerste keer dat Soraya hom ontvang het, het sy 'n vermiljoen lipstifflie gedra en swaar oogskadu. Omdat die klewerigheid van die grimering hom nie aangestaan het nie, het hy haar gevra om dit af te vee. Sy het hom gehoorsaam, en dit sedertdien nooit meer gedra nie. 'n Gewillige leerder, insiklik, plooibaar.

Hy hou daarvan om vir haar geskenke te gee. Met Nuwejaar het hy haar 'n emalje-armband gegee, met Eid 'n klein malagietreier wat sy oog gevang het in 'n kuriowinkel. Hy geniet haar vreugde, wat sonder enige pretensie is.

Dit verbaas hom dat negentig minute 'n week se vrouegeselskap genoeg is om hom gelukkig te maak, hy wat gedink het dat hy 'n vrou nodig het, 'n huis, 'n huwelik. Dit blyk dat sy behoeftes, uiteindelik, lig is, lig en vervlietend, soos dié van 'n skoenlapper. Geen emosies nie, of niks behalwe die heel diepste, die onvoorgestelde: 'n verankerde bas van ingenomenheid, soos die dreunerigheid van verkeer wat die stedeling aan die slaap sus, of soos die stilte van die nag vir mense op die platteland.

Hy dink aan Emma Bovary, wat huis toe kom, versadig en met glasige oë, ná 'n middag van roekelose naaiery. *Dit is dus wat geluksaligheid is!* sê Emma, wat haarself in die spieël bewonder. *Dit is dus die geluksaligheid waarvan die digters praat!* Nou, as die arme, spokeryge Emma ooit haar weg na Kaapstad vind, sal hy haar op 'n Donderdagmiddag saamneem om haar te wys wat die saligheid kan wees: 'n matige saligheid, 'n gematigde saligheid.